# Zanele se storie

Illustrasies: Jesse Breytenbach

Outeur: Liz Sparg (teks aangepas vir hierdie Groot Boek)

**Kwartaal 4** – Groot Boek 4



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



My naam is Zanele Situ en ek speel graag sport vir my land, Suid-Afrika. Hier is my storie.



Ek was elf jaar oud toe my liggaam siek geword het en my bene nie meer wou loop nie. Ek moes hospitaal toe gaan.



T4_4 Zanele's story_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:37



Die dokters het spesiale toetse gedoen. Eendag het hulle gesê: "Ons is jammer. Zanele sal nooit weer kan loop nie. Sy sal in 'n rolstoel moet rondbeweeg."



T4_4 Zanele's story_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:37



Ek het na 'n spesiale skool gegaan. Ek was lief vir sport en die onderwysers het my geleer hoe om sport in my rolstoel te doen.



Ek het aan sportkompetisies deelgeneem en baie pryse gewen. Ek wou goed genoeg raak om aan die Paralimpiese Spele deel te neem.



T4_4 Zanele's story_big book_A.indd 5 2021/11/04 18:37



Ek het baie hard geoefen en het toe aan die Spele deelgeneem. Ek het 'n goue medalje gewen en was baie trots!



T4_4 Zanele's story_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:37

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Dit is aangepas van die boek *Zanele's story*, gepubliseer deur Book Dash (www.bookdash.org).

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).